VOLUME 1/2011

JUNIE/JUNE 2011

# STRUISIEBONDER

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

# JAKE WHITE BESOEK STRUISIELAND

**Jake White, oud-Springbokafrigter het tydens 'n manne-aand by die Hoërskool Oudtshoorn met rugbyliefhebbers gesels oor onder meer sy ondervindinge en sy mening oor die vorige en die huidige Springbokspan gegee.**

Hierdie glansgeleentheid is deur mnr. Bernie Deacon, puik afrigter van die Struisies, geïnisieer en meer as 200 mense het die geleentheid in die skoolsaal bygewoon. Manne [en vroue] het aan Jake White se lippe gehang en sy pittige sêgoed het die gehoor telkens lekker laat lag.

Die glansgeleentheid is voorafgegaan deur 'n afrigtingskliniek wat hy vir Struisiespelers en –afrigters gehou het. Afrigters van omliggende skole het ook die kliniek bygewoon. Almal het net groot lof gehad vir die besoek van Jake White en die wens uitgespreek dat dit opgevolg moet word. Baie geluk aan almal wat help organiseer het en in die besonder die borge wat ruim bygedra het.






PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

Jake White (naasregs) saam met mnr Steve Immelman van Die Burger wat die hoofborg van die aand was, Percy Williams, groot uitblinker van die Struisies se eerste rugbyspan, mnr Bernie Deacon, afrigter van die eerstespan, en mnr Johan Claassen, skoolhoof.

IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Struisies groet Oom Bossie | 2 |
| Dr. Koos groet Oudtshoorn | 2 |
| Nuwe sportbestuurder | 3 |
| Palissade groot aanwins | 3 |
| Ruan behaal PhD | 3 |
| Struisies Sevens Champs | 4 |
| Protea Drummies | 4 |


Vir die 2011-kalender...

11 Aug Groot Brag

12 Aug Struisiebond - Geesvang Reünies 1981 & 2001

13 Aug KWAGGA DAY [George]

16 Aug Medi-Clinic Jeugkunsweek

2 Sept Matric Farewell

# STRUISIELAND GROET OOM BOSSIE

Vir mnr. Ferreira Boshoff se kollegas en vriende was hy maar altyd "Bossie" of soms is hy ook op 'n spesiale bynaam as "Kallie" Boshoff aangespreek.

Volgens sy jarelange boesemvriend, mnr. Koos Carstens, was Oom Bossie 'n opregte, vrolike kollega wat altyd alles opgeoffer het vir Hoërskool Oudtshoorn. In sy Metaalwerklokaal het dit met die eerste oogopslag ietwat deurmekaar gelyk, maar Oom Bossie het presies geweet wat daar aangaan. Sy leerders het altyd die mees fantastiese modelle vir hulle matriek-eindeksamen gelewer. Hy was die meesterbrein in die Metaalwerklokaal. Sy oudleerders praat nou nog met groot bewondering en respek van hom.



Volgens mnr. Koos Carstens was dit 'n voorreg om saam met hom op die personeel van Hoërskool Oudtshoorn te kon dien. Die kunstenaar van Metaalwerk het verdwyn, maar sy werk sal in sy oudleerders voortlewe.

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

# MATIES VEREER DU PLESSIS

Jansen du Plessis, student aan die Universiteit Stellenbosch, [matriek 2009] is geïdentifiseer as een van die top-presterende studente in die Ingenieurswesefakuluteit en is uitgenooi na die Rektor se Eerstejaarsakademie Prestige Dinee. Jansen is een van die min studente wat 100% behaal het vir Ingenieurswiskunde - voorwaar 'n uitstekende prestasie! Struisiebond wens Jansen sterkte toe vir die res van sy studie in Matieland.

## *Dr KOOS MARAIS GROET OUDTSHOORN FINAAL*

Dr. Koos Marais, die vorige skoolhoof van Struisies en sy geliefde vrou, Gusta, het ná 22 jaar besluit om Oudtshoorn te groet en hulle in Kleinmond te gaan vestig.

Doktor Koos sal onthou word vir sy absolute nederigheid. Nooit hoor jy hom spog - nie oor sy vrou óf groot akademiese prestasies van sy talentvolle kinders óf die oulikheid van sy kleinkinders nie. Ons sal hom ook onthou vir die besondere wyse waarop hy sy professie gedien het. Hy was éérs vriend en kollega, dán die onderwysleier.

Struisiebonders wens hulle 'n rustige verblyf op Kleinmond toe.



# PALISSADES 'n AANWINS

Komplimente stroom in oor die voorkomsverandering wat die terrein van Struisieland ondergaan het met die oprigting van die palissadeheining om die skool en die koshuise.



Daarbenewens het dit die veiligheid ook baie verbeter.

## HARRY COETZEE NUWE SPORTBESTUURDER

Harry Coetzee, oud-SWD rugbyspeler, is vanjaar aangestel as Struisies se Sportbestuurder. Harry is getroud met Helmien [du Plessis] wat ook 'n oud-Struisie is. Hulle het drie kinders, Adriaan wat tans 'n Struisie-Gr 8-leerder is en twee dogters, Paula [10] en Pippa [2].



Harry is al klaar besig om sy stempel af te druk en beoog groot dinge vorentoe.

STRUISIEBOND TTi TOWERS TRUST INISIATIEF • INITIATIVE

Welkom in Struisieland

# KORT NUUS ...

- Johan Claassen [skoolhoof] gaan weer die "stoute" skoene aantrek en 17 Des met Bettie Keuler in die huwelik tree;
- Jan-Hendrik Potgieter [Matriek 2005] het pas gekwalifiseer as mediese spesialis [Narkose];
- Chris-Maré Potgieter [Matriek 2008] is as die beste Tweedejaar Mediese student van US vir 2010 aangewys;
- Gerrit Lategan, vader van Suzanne, Tanya, Leandri en Madré, het tydens 'n jagtog aan 'n hartaanval gesterf.

## REUNIONS / REÜNIES

Die Struisiebond moedig alle oudStruisies aan om betrokke te raak by hul jaartal se reünies. Waar die Struisiebond kan, ondersteun dit die organiserende komitees om hul onderskeie reünies te reël en logistieke hulp aan te bied en advies te gee.

Kontak gerus die Struisiebond by 044-2791623 of 082-7734901 of struisiebond@oudhs.wcape.school.za

Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm

Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za

# STRUISIELANDREÜNIES/STRUISIELAND REUNIONS 2011

**REUNION: MATRICS OF 1976**

The matrics of 1976 will have their 35 year reunion the weekend of 9-11 September 2011. All the matrics of 1976 are requested to contact **Trudene Forward** at 082 7899990 or jdforward@lantic.net

**REÜNIE: MATRIEKS VAN 1981**


Die matrieks van 1981 hou hul 30-jaarreünie die naweek van 22-24 Julie 2011. Alle matrieks van 1981 word versoek om **Karin du Toit** by 082-8204373 of krdutoit@gmail.com te kontak.

**REUNION: MATRICS OF 1986**

The matrics of 1986 will have their 25 year reunion the weekend of 24-26 June 2011. All the matrics of 1986 are requested to contact **Morné Jonker** at 082 653 6800 or morne@thegoosewines.com

**REÜNIE: MATRIEKS VAN 2001**

Die matrieks van 2001 hou hul 10-jaarreünie die naweek van 12-14 Augustus 2011. Alle matrieks van 2001 word versoek om **Liezl Kemp** by 082 535 3691 of liezlkemp@yahoo.co.uk te kontak.



## RUAN SLABBERT BEHAAL DOKTORSGRAAD AAN US

Ruan [matriek 1997], seun van Hansie en Helena Slabbert, het pas sy PhD in Genetika aan die Universiteit Stellenbosch behaal. Ruan is tans dosent by die Fakulteit Natuurwetenskap. Struisieland is trots op nog 'n oud-Struisie wat kan getuig van 'n goeie grondslag wat deur sy skool en ouerhuis gelê is. Baie geluk.




SPORT

HOËRSKOOL OUDTSHOORN
HIGH SCHOOL

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623
Fax: 044-2725365
Email :
struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**STRUISIEBOND**

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## STRUISIES SEVENS CHAMPIONS!

The Struisies U/19 sevens rugby team won the SWD @lantic Sevens Tournament for schools in George in March with a solid final score of 17-7 against PW Botha.

As the SWD winners, they now qualify to attend the national tournament to be held at Rustenburg later this year. Percy Williams, Divan Nel and Ganfried May have also been invited to attend a sevens rugby clinic and have received bursaries from NMMU.




**Well done boys!**

**ENB KWAGGADAG 2011**
**13 AUGUSTUS**
Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !

# *STRUISIES DRUMMIES IN SA SPAN*

Chantell Petersen en Megan Bisschoff het die jongste Struisies geword om met Protea-kleure te spog!

Albei was deel van die Nasionale Trompoppiespan wat in die VSA gaan deelneem het.

Megan se pa, mnr. Johnnie Bisschoff, is die dryfkrag agter die Struisies Trompoppies wat die afgelope tyd so goed vaar.

Albei hierdie Struisies ploeg baie van hulle tyd terug in die sport - baie dankie!




### *BLITZ SPORTNUUS*

- **Luther v d Horst word gekies vir die Wes-Kaap 0/17-krieketspan**
- **Rudolph Serfontein wen bronsmedalje op SA Karatekampioenskappe in Uitenhage**
- **Percy Williams, Bradley Jumaats, Blaine James, John-Henry Schmitt, Ganfried May, Marco Theron [Cravenweek], Dean January, Rossouw du Toit [Akademie] en Jayden Onkers [Grant Khomo] verteenwoordig SWD op die rugbyveld.**




# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620

TEL 044-2791623 e-mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ______________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ______________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ______________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

______________________________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ______________________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :______________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ TTi, FNB, OUDTSHOORN, 62129269793